LINDENNUUS

24 Augustus 2017

IN DIE KOLLIG

Mnr. Armand Erasmus – krieket is in sy bloed!

Baie geluk aan mnr. Armand Erasmus wat gekies is vir die Easterns Semi-professionele krieketspan wat eersdaags aan die Africa Cup-reeks deelneem. Mnr. Armand vertel dat hy al vir 21 jaar krieket speel, sedert hy 4 jaar oud is. Voordat hy by Hoërskool Linden aangesluit het in 2016 het hy 2 jaar krieket gespeel in Engeland, asook vir die Noordwes Drake.

Op die krieketveld staan hy bekend as 'n *Allrounder*. Krieket is sy een groot passie in die lewe en sy droom is om vir die Titans te speel.

Mnr. Armand het ook die afgelope jaar hard gewerk om Hoërskool Linden se krieket te bevorder. Alhoewel die krieketseisoen amptelik eers in Oktober begin, is hy en die seuns reeds hard besig om elke Dinsdag- en Donderdagmiddag te oefen.

Baie dankie mnr. Armand vir al jou insette op die krieketveld. Ons sien uit na groot en opwindende tye vir krieket by Linden!

DIE PAPARAZZI WAG VIR JULLE….

Tydens 'n stylvolle geleentheid van kameras, ligte, sjokolade en nogmaals sjokolade is ons matrieks verlede Vrydag uitgenooi na hulle matriekafskeid wat op 28 September 2017 by Randparkklub plaasvind.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

Fotos van hierdie geleentheid is deur Dawid Roux geneem. Ouers en leerders kan gerus op die volgende webblad na die fotos gaan loer en bestel: http://photo-orders.com

AKADEMIE

Sterkte aan ons matrikulante wat reeds gister met rekordeksamen begin het. Akademie is nou julle eerste prioriteit. Ons dink aan elkeen van julle!

Gaste word keurig onthaal tydens die Gasvryheidstudies praktiese eksamen.

Hoërskool Linden se graad 12-gasvryheidstudileerders het hulle praktiese eksamen afgelê met 'n voortreflike middagete-onthaal. Gaste kon nie uitgepraat raak oor die watertand-geregte, keurig gedekte tafels en flinke diens nie.

Robotika

Baie geluk aan die WRO BRO's wat na afloop van die provinsiale rondes as een van die top presteerders aangewys is en uitgenooi is om nasionaal te kompeteer vir 'n kans om Suid-Afrika in November in Costa Rica te verteenwoordig.
Hierdie span bestaan uit: Jeanré du Plessis, Marco Oosthuizen en Nelis van der Lingen.
Linden se Robotika-klub bestaan sedert 2016 en het vanjaar vir die eerste keer aan die WRO deelgeneem.
Baie geluk!

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

SPORT

Landloop

Vier van ons landloopatlete dringdeur na Gauteng wat op 2 September by Prestige College in Hammanskraal, Pretoria plaasvind.

Baie geluk aan:
Conrad Kruger
Charmaine Baartman
Marig Engelbrecht
Gené Coetzee
Anya Erasmus (reserwe)

Atletiekprogram

Item	Tye	Maandae	Dinsdae
Naellope	14:30 tot 15:30	X	X
Hekkies	15:30 tot 16:30		X
Middelafstande	14:30 tot 15:30	X	X
Verspring	14:30 tot 15:30	X	
Hoogspring	14:30 tot 15:30		X
Spiesgooi	14:30 tot 15:30		X
Diskusgooi	14:30 tot 15:50	X	
Gewigstoog	14:30 tot 15:30		X
Kondisionering	14:30 tot 15:30	Naellope en hekkies	Worpe

KULTUUR

ATKV-Redenaars Nasionaal

Dané Taljaard neem haar plek in onder die top tien beste redenaars in die land. Baie geluk aan Dané wat 'n algehele 9de plek verower het in die nasionale redenaarsfinaal wat vroeër vandeesmaand by Goudini Spa in die Wes-Kaap plaasgevind het. Dané het wye lof ontvang vir haar toespraak in die kategorie Graad 8 - 9 Huistaal Onvoorbereid.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

SOSIAAL

Wildsfees – Die tyd het aangebreek!

Hoërskool Linden is in rep en roer vir sy gróót 70-jaar fees!
Laatslapers sal moet spring om seker te maak hulle loop nie hierdie geskiedkudige kuiergeleentheid mis nie.

Kaartjies kan nog Saterdag by die hekke gekoop word.

Ons sportvelde word tans in 'n feesterrein omskep. Teen Saterdag 16:00 gooi ons die hekke oop om tot laat nag te kuier, soos net Lindeniete kan!

Op die verhoog gaan oud-Lindeniet Dené Vorster en Bouwer Bosch die skare vermaak. Hou gerus julle oë oop vir die Liefde Wen-stalletjie!

Die Wildsfeeskos en -vermaak beloof om uit die boonste rakke te wees. Indien jy nie ‘n potjiekoskaartjies het nie, is daar ‘n verskeidenheid stalletjies om van die kies en te keur, onder andere Wimpyburgers, Chipstix, sosaties, pannekoek, kaasborde, biltong, lekkers, koffie en koeldrank. Slegs kontantaankope sal geskied.

Hierdie jaar rig ons kuierareas vir die verskillende graadgroepe in. Bring dus jou stoel en kom sit by jou kind se graadgroep. Wat 'n wonderlike geleentheid om nuwe vriende te maak.

.... en wanneer almal vriende gemaak het nooi ons julle uit om die wyntent te besoek. Nege Stellenbosch wynplase gaan van hul top wyne uitstal. Wyn kan slegs geproe en bestel word. Kredietkaartfasiliteite is beskikbaar vir wynbestellings. Bring jou eie glas of koop 'n spesiale Hoërskool Linden-glas vir R50.

Ons noem graag ‘n paar praktiese reëlings om sake vlot te laat verloop:

Bring die volgende saam:
- Eie stoel, eetgerei, glase en drinkgoed.
- Kredietkaart of debietkaart vir wynbestellings en veiling.
- Kontant vir kosstalletjies en R100 koelboksfooi
- Ekstra hout word ook te koop aangebied.

Ingange en Parkering:
- Hekke open om 16:00
- Parkering kos R20 per motor
- Hoofhek in 6de Straat - parkering Hokkieveld
- Sporthek in 5de Straat - parkering Rugby B-veld

UBER punt:
- Sporthek in 5de Straat:

Wildsfees program

16:00	Ingange Open
18:00	Verjaardagvieringe
19:00	Potjiekos word bedien
20:00	Veilingm *Hamper* trekking, Jagpakket trekking
20:30	Dené Vorster op die verhoog
21:00	Bouwer Bosch op die verhoog

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

BORGE

Baie dankie aan die volgende besighede wat die Wildsfees borg:

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

ADVERTENSIES

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.